## SARS-doeane en SAPD lê beslag op 378 kg kokaïene

**Tshwane, 24 Februarie 2023** - Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het vroegoggend toegeslaan op 'n laaikisskip by die Durbanse hawe en het 378 kg kokaïene in een van die laaikiste aanboord die skip gevind.

Die suiwer kokaïene, met 'n geskatte waarde van R1.3 miljard, is opgespoor na 'n weeklange intelligensie-gedrewe operasie, gelei deur SARS se nasionale teikeningeenheid. SARS se marine-eenheid, Durbanse operasies, SAPD se misdaadintelligensie-eenheid en nasionale speurdienste het aanboord die skip gegaan, wat vanaf Suid-Amerika onderweg was, om verskeie laaikiste te beveilig wat deur SARS geprofileer is.

Die laaikiste is ondersoek nadat dit in die Durbanse hawe gelaai is. Die inspeksie het sinkmetaal produkte geïdentifiseer asook verskeie swart sakke wat 378 stene suiwer kokaïene bevat het.

Die onwettige vrag en, wat voorgekom het as mobiele sporingstoestelle, is aan SAPS oorhandig vir verdere ondersoek.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het die goed-gekoördineerde werk van alle wetstoepassingsagentskappe, wat met die operasie betrokke was, geprys.

"Deur samewerking het die regering weereens gewys dat dit vasberade is om die vlaag dwelmmiddels te beveg, wat die land binnekom en die lewens van gebruikers verwoes, veral die jeug.

SARS sal nie hierdie onwettige aktiwiteite duld nie, en sal volhard in die vervulling van sy mandaat wat die fasilitering van wettige handeldryf betref om die ekonomiese ontwikkeling van ons land te bevorder," het mnr. Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.